Wie dit mag aangaan,

Byvoorbaat dankie vir die tyd wat u hieraan afstaan!

**Wat is Scriptura?**

Scriptura is ʽn internet-bediening wat hoofsaaklik vanaf die webblad www.scriptura.co.za funksioneer. Die platform bestaan uit *blog*-artikels, asook weeklikse *podsendings* genaamd "Radio Scriptura".

2 Timotheus 3:16,17 is nie net integraal deel van Scriptura nie, maar ook ons doel en fokus: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk."

Scriptura is ʽn Gereformeerde bediening. Dit wil sê, in al ons inhoud wil ons die Skrif sentraal stel. Die webblad is ook verdeel in die "kategorieë" van 2 Timotheus 3:16, sodat ons artikels en podsensings groepeer onder *leerstellige* sake, *etiese* probleme, *apologetiese* vraagstukke en dan ook ʽn breër *onderwysing* kategorie. (Meer inligting hieroor is beskikbaar op die webblad).

**Hoekom Scriptura?**

Ons glo die Skrif is genoeg en gesagvol om ons voor te berei en toe te rus vir alles wat ons in hierdie lewe teëkom. Daarom spreek ons ook allerlei aktuele sake aan op die Scriptura-platform.

Scriptura wil in geen opsig die plaaslike kerk vervang nie. Inteendeel, ons wil juis weer gelowiges aanspoor om hulle te voeg by die plaaslike kerk in gehoorsaamheid aan (onder andere) Hebreërs 10:25. Scriptura bied bloot ʽn bykomende geleentheid vir gelowiges om vrae te vra, verder toegerus en bedien te word.

Dit is natuurlik ook so, dat heelwat Suid-Afrikaners in ander lande nie die geleentheid het om deel te wees van ʽn plaaslike gemeente nie. Hulle heg dus baie waarde aan hierdie bediening.

Scriptura

Die hele Skrif is deur God ge-asem

## **Wie is Scriptura?**

Die lede wat direk betrokke is by Scriptura is:

- Marnix Boersema, tans predikant van die Gereformeerde Kerk Graaff-Reinet.
- Jan-Louis Lee, tans predikant van die Gereformeerde Kerk Brits.
- Jaco de Beer, tans 'n deeltydse teologie-student.
- Gerhard van Rhyn, tans predikant in die Gereformeerde Kerk Komatipoort.
- Jonker Venter, tans finale-jaar teologiese student.

Die Scriptura-kantoor word behartig deur Nelmari Boersema (u kan haar gerus kontak vir enige verdere navrae): info@scriptura.co.za

## **Statistieke vanaf 1 Januarie tot 6 Mei 2019***

| **SCRIPTURA WEBBLAD (www.scriptura.co.za)** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Jaarliks** | **Gemiddeld Maandeliks** | | **Gemiddeld Weekliks** | | **Gemiddeld Daagliks** |
| 8567 besoekers | 2400 besoekers | | 500 besoekers | | 100 besoekers |
| **RADIO SCRIPTURA PODSENDING** | | | | | |
| **"All-Time Downloads"** | | | **"Unique Downloads"** | | |
| 18 648 luisteraars | | | 17 114 luisteraars | | |
| **Gemiddeld Maandeliks** | | **Gemiddeld Weekliks** | | **Gemiddeld Daagliks** | |
| 1200 luisteraars | | 280 luisteraars | | 30 luisteraars | |
| **SOSIALE MEDIA – FACEBOOKBLAD (@scripturaweb)** | | | | | |
| **"Likes"** | | | **"Followers"** | | |
| 849 | | | 868 | | |

*Amptelike statistieke is beskikbaar op versoek by die Kantoor

**Korttermyn doelwitte**

1. Administratiewe personeel.

   Aangesien Scriptura bo verwagting groei, het dit nodig geword om 'n tweede persoon aan te stel vir die redigering van episodes en administrasie by die Scriptura kantoor.

2. Transkribering van Radio Scriptura episodes.

   'n Groot deel van ons gehoor kan nie altyd na die Radio Scriptura podsendings luister nie. Vir sommige mense is dit ook weens bv. mediese redes nie moontlik om te luister nie. Daarom wil ons graag ons potgooi-episodes transkribeer, sodat dit ook gelees kan word.

**Langtermyn doelwitte**

1. Aanlyn gidse.

   Ons ondersoek tans die moontlikheid om aanlyn kursusse aan te bied via die Scriptura-platform. Hierdie *gidse* sal deur individue, gemeentes, kleingroepe of Bybelstudies gebruik kan word. Ons beoog om gehalte materiaal beskikbaar te stel, wat dan ook gebruiker-vriendelik bestudeer kan word. 'n Voorbeeld van so kursus is bv. 'n kursus oor die huwelik, wat gebruik kan word vir verloofdes, of reeds-getroudes.

1. Mikrofoon-aankope.

   Die Skrifgetrouheid van ons inhoud is vir ons altyd die belangrikste, maar ook die klankgehalte van ons podsendings. Hiervoor is geskikte tegnologie en goeie mikrofone onder andere nodig. Op hierdie stadium word ons episodes opgeneem met standaard selfoon-mikrofone of ingeboude laptop-mikrofone wat oudio-gehalte negatief beïnvloed. Aankope van nodige instrumente is iets wat ons vir die langtermyn in gedagte moet hou.

**Begroting**

Scriptura beskik tans oor sy eie bankrekening by Capitec. Die bediening word onderhou deur finansiële skenkings.

**Saldo** (soos op 6/5/2019): R5163.48
**Maandelikse uitgawes:** R1432.09

Om ons korttermyn-doelwitte te bereik is 'n **addisionele R2000-00 per maand nodig.**

Finansiele volhoubaarheid van hierdie bediening is vanselfsprekend ook iets wat ons in gedagte hou. Sodra genoeg inhoud beskikbaar is, sal ons die moontlikheid oorweeg om inhoud in verteerbare formate te verkoop.

Enige bydrae sal baie waardeer word.

**Rekening besonderhede**
Capitec Spaar Rekening
Rekening nr: 1607003153
Tak kode: 470010

Ons het groot waardering vir elkeen wat die inligting rondom hierdie bediening versprei. Ons vertrou dat u ons ook hierin sal bystaan!

Marnix Boersema
marnix@scriptura.co.za
Namens die Scriptura-span